Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

November 2012

Ons wag geduldig...

Lees binne...

- **Ons wag geduldig** – 1
- **Terwyl ons wag** – 2
- **Kerkwees suid van noord en wes van oos** – 3
- **Begrippeverheldering oor die Hervormde middelgrond** – 6

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Ons wag geduldig... (Dr Ananda Geyser-Fouché)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
  Terwyl ons wag
- Bl 3 **Aktuele sake**
  Kerkwees suid van noord en wes van oos (Dr Piet van Staden)
  Die Heidelbergse Kategismus en Ursinus (Nándor Sarkady)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
  Predikantevergadering 2012
  Nuwe Moderator vir die MRCC
  Beroepe aanvaar
  'n Kamp om te onthou
  Almanak/Bybelse Dagboek 2013
  'n Merkwaardige prestasie
- Bl 6 **Teologiese gesprek**
  Die Hervormde middelgrond – begrippeverheldering (Dr Johann Beukes)
- Bl 7 **Gespreksforum**
  Oordrewe klem op missionalisering (Dr Koos Engelbrecht)
  Dankie vir die gebalanseerde perspektief (Dr Stephan Hoffman)
  VTT in November
- Agterblad **Oordenking**
  Gaan dit nog goed met jou? (Dr Johan Nel)

Terwyl ons wag

Dr André Ungerer, redakteur, skryf oor die ritme van die Kerkjaar. Dit is God se hartklop wat onverstoord oor eeue weerklink. Jaarliks word die Kerkjaar ingelei met vier Adventsondae, gevolg deur al die hoofmomente van die Kerkjaar, om uiteindelik met Ewigheidsondag (vanjaar op 25 November) ten einde te loop. Mense wat geliefdes aan die dood afgestaan het, word op hierdie Sondag vertroos. Op Sondag 2 Desember word die eerste Adventsondag gevier.

Advent word gekenmerk deur 'n gees van verwagting. Maar wag is iets wat in ons tyd moeilik geword het. Die begrip herinner opnuut aan die wagperiode waarin die Hervormde Kerk tans verkeer. Hierdie wagtydperk word toenemend gekenmerk deur 'n gees van wantroue en verdagmakery. Daar is enersyds 'n oordrewe versigtigheid terwyl so noukeurig moontlik by die Kerkorde gehou word sodat 'n wêreldse hof nie dalk kan bevind dat die Kerk in stryd met die Kerkorde opgetree het nie. Andersyds is daar al hoe meer tekens van wedersydse vertroue wat geskaad word terwyl kollegas en mede-Hervormers getakseer, geëtiketteer en in kampe geplaas word. Die lyne van verdeling loop al dieper en herinner eerder aan loopgrawe waar slagordes opgestel word en grofgeskut gereed gekry word.

Intussen hoop ons in die gees van Advent op wat ons nie sien nie, naamlik 'n daadwerklike bereidheid om te versoen gevolg deur 'n werkbare oplossing – ons wag daarop met volharding (na aanleiding van Romeine 8: 25). By God is alles moontlik!

****

Predikantevergadering 2012

Die **bestuur van Predikantevergadering 2012** lewer repliek op ongelukkigheid na aanleiding van vanjaar se vergadering. Die Predikantevergadering het nog altyd die uitgangspunt gehad dat dit 'n studievergadering is. Dit was dan ook die oogmerk van die afgelope Predikantevergadering om te fokus op verskillende spiritualiteitsvoorkeure en 'n sensitiwiteit te wek vir verskillende maniere waarop mense in ons eredienste aangespreek word.

Daar is verskillende sisteme waarmee hierdie voorkeure beskryf word, en een daarvan is ’n vierdeling, naamlik die **rasionele** wat baie fokus op logiese denke, die **emosionele** wat weer fokus op gevoel, die **mistiese** wat fokus op stilte en na binne gerigtheid, en laastens die **handelingsvoorkeu**r wat fokus op optrede en werksaamheid. Dr Christo van der Merwe het tydens sy voorlegging die vergadering juis weer attent gemaak op hierdie verskillende spiritualiteitsvoorkeure. Binne ons eredienstradisie word voorsiening gemaak vir logiese denke, ons is sensitief vir die emosionele, en daar is ’n element van ’n imperatief teenwoordig, om mense tot aksie te motiveer. Die mistiese binne die erediens, sowel as in die erediens van die lewe, klink egter vir ons na ’n vreemde idee.

Daarom is daar teoretiese insette gelewer en praktiese ervaring gegee. Die spreker, dr Johan Geyser, het juis dié treffende opmerking gemaak: *Leiers kan hulle volgers net neem na ’n plek waar hulleself reeds was*. Daarom is geoordeel dat die Predikantevergadering die ideale geleentheid is om ons leiers bloot te stel aan ’n meditatiewe erediens. Die klem was op die belewenis van die teenwoordigheid van God. Tydens die illustrasie van die meditatiewe erediens is daar ook Nagmaal bedien om juis te illustreer dat hierdie tipe erediens elkeen uitdaag om opnuut te besin oor die betekenis van die elemente van brood en wyn.

Baie van ons het al iewers gehoor van *Lectio Divina* (*Wandel in die Woord*), die nadenke oor die Woord van God. *Lectio divina* beteken *Goddelik lees*, en het ten doel om ons te help om na God se stem te luister. Hoe moet dit gebeur? Hoe maak ons dit deel van ons Hervormde eredienstradisie, en hoe leer ons onsself en ons lidmate om stilword deel van ons daaglikse bestaan te maak? Ds Japie Coetzee het met die opening geïllustreer hoe elke leier te werk kan gaan om hierdie proses te fasiliteer. Dr Johan Geyser het ’n teoretiese begronding gegee vir die moeilike konsep *mistiese* of *na binne-gerigte* spiritualiteit. Daar was ook ruim geleentheid vir opmerkings en vrae.

Die Predikantevergadering het ten doel om predikante te motiveer om weer opnuut erns te maak met hul bediening en hul Goddelike roeping te kan uitleef. Ons kan nie ophou om te besin oor lewensbelangrike vrae nie. Wie is God? Wie is ons? Waarmee is God in die wêreld besig? Aan wie behoort die kerk en wat is God se droom vir ons Kerk? Talle predikante het die dag baie positief ervaar en is opnuut gemotiveer om voorsiening te maak vir die mistiese of stilword in die erediens. Ander het die gebeure as vreemd en on-Hervormd ervaar. Stemme van kritiek is gehoor. Die oogmerk van die vergadering was om elkeen sy of haar eie spiritualiteitstipe te laat ontdek en ruimte te laat vir elkeen se voorkeurspiritualiteit. Mag elkeen van ons eie aan ons Hervormde tradisie aanhou soek, aanhou vrae vra, aanhou worstel om die Onsêbare te sê!

****

Teologiese gesprek

Dr Johann Beukes sit die teologiese gesprek voort met ’n verheldering van begrippe rondom die Hervormde middelgrond. Hy wys onder meer op die *konfessionalisme* enersyds en die *gees van vrysinnigheid* andersyds wat tans in die Kerk merkbaar is.

Hervormde teologie was nooit konfessionalisties nie, maar dit was ook nooit liberaal-vrysinnig nie. Dit is die stempel van wat ons nog altyd met oortuiging *Bybels-Reformatoriese teologie* kon noem. Die Kerk is egter tans so gepolariseer dat mense skynbaar dink dat nog net die twee opsies oorgebly het: die konfessionalisme van die steedsHervormers, of andersins die liberaal-vrysinnige rigting, waar elkeen nou skynbaar praat, bely en doen soos wat hulle goeddink. Konfessionalisme behoort ons juis minder te bekommer as wat genoem kan word ’n *gees van vrysinnigheid* in die Hervormde Kerk.

Met die begrip *gees van vrysinnigheid* het dr Beukes nie kritiese teologie in gedagte nie, maar ’n domeinverwarring tussen kerk en teologie wat ’n gees van vrysinnigheid in die Kerk tot gevolg het. Die middel-skolastiek het reeds in die 14de eeu geleer dat kerk en teologie een saak gemeen het: gedeelde, tersaaklike proposisies, soos *God is ons Vader*, *Jesus Christus het opgestaan uit die dood*, *Jesus Christus is uit ’n maagd gebore*, *Jesus Christus het na die hemel opgevaar*, *Die Bybel is die Woord van God*, en so meer.

Die taak van teologie as kritiese onderneming is onder meer proposisiekritiek. Dit beteken dat teologie krities oor hierdie proposisies nadink, of die proposisie analogies en/of metafories (na Aquinas: *ekwivokaal*) is, waar die proposisies vandaan kom, hoe die proposisie aanvanklik verstaan is, hoe die proposisie in

die teologiegeskiedenis oorgelewer en ontvang is, hoe die proposisie eietyds sonder inhoudsverlies geherformuleer kan word, en so meer.

Die kerk, daarteenoor, se taak is nie proposisie*kritiek* nie, maar die *verkondiging* van die evangelie van Jesus Christus deur die gebruikmaking van die oorgelewerde proposisies, soos in die belydenis vervat. Dieselfde proposisie word dus potensieel verskillend in die kerk en in die teologie *geaproprieer*, om die latinisme te gebruik – trouens, reeds in die 14de eeu is die *proprium* van die proposisie wesenlik tot die interpretasie van die proposisie geag.

(Volg die debat verder op **www.hervormer.co.za** → Teologiese gesprek)

****

Ander berigte

Daar is ook ’n artikel van **dr Piet van Staden** oor die wyse waarop verskillende mense die Bybel lees, ’n brief van argivaris **Nándor Sarkady** oor die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus, en berigte oor **Die Ondersteuningsraad** se onlangse kamp vir pleegkinders en die merkwaardige prestasie van **dr Piet Steenkamp** om sy doktersgraad te verwerf nadat hy ’n nuwe hart ontvang het. **Dr Johan Nel** van Bloemfontein se oordenking benadruk die feit dat dit eers werklik met ons goed gaan as ons verhouding met God reg is.